Bib.

5/86

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

ERNST LODEWIKUS SMITH .............. Appellant

en

S A EAGLE VERSEKERINGSMAATSKAPPY
BEPERK ................................ Eerste Respondent

en

A G SAUNDERS ......................... Tweede Respondent

Coram: JOUBERT, HEFER et JACOBS ARR.

Datum van Verhoor: 17 Februarie 1986

Datum van Uitspraak: 27 Februarie 1986

---

U I T S P R A A K

JOUBERT, AR :

/Die .......

Die appellant het as eiser 'n aksie vir skadevergoeding in die Transvaalse Provinsiale Afdeling teen die eerste respondent as verweerder ingestel weens beserings wat hy opgedoen het tydens 'n botsing wat omstreeks middernag op 3 Maart 1978 tussen twee voertuie in die kruising van Universiteitsweg en Walkerstraat in Pretoria plaasgevind het. Een van hierdie voer=tuie ('n Datsun) bestuur deur ene Hollmann was ten tyde van die botsing verseker deur die eerste respondent kragtens die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering 56 van 1972. Die ander voertuig ('n Toyota) is bestuur deur ene Saunders (die tweede respondent) wat as derde party tot die geding gevoeg is. Die appellant was

'n passasier in die Toyota ten tyde van die botsing. Gerieflikheidshalwe sal ek na die appellant, die eerste respondent en die tweede respondent verwys as die eiser, die verweerder en die derde party respektiewe=lik.

Die verhoor het voor LEVESON R plaasgevind wat 'n bevel van absolusie van die instansie met koste verleen het. Met verlof van die hof _a quo_ kom die eiser tans in hoër beroep teen daardie uit=spraak na hierdie Hof.

Walkerstraat loop van oos na wes en dit dra verkeer wat in beide rigtings beweeg. Die

/noordelike ......

noordelike helfte van Walkerstraat is wyd genoeg om twee rye voertuie te neem ofskoon dit destyds nie in twee bane verdeel was nie. Universiteitsweg loop van noord na suid en dra verkeer wat in beide rigtings beweeg. Die kruising van Walkerstraat en Universiteitsweg word beheer deur verkeersligte wat op die vier hoeke aangebring is. Die kruising word ook afgebaken deur wit strepe in beide strate waar voertuie tot stilstand moet kom wanneer die verkeersligte hulle belet om die kruising binne te gaan. Daar is ook 'n glipweg wat dit moontlik maak vir verkeer wat in Walkerstraat van wes na oos beweeg om na links af te draai na Universiteitsweg sonder om van die kruising gebruik te maak.

By die aanvang van die verhoor op 3 Mei 1984 het die partye ooreengekom om eers die vraag van aanspreeklikheid op grond van nalatigheid deur die verhoorhof te laat beslis en om die vasstelling van die quantum van skadevergoeding agterweë te hou vir latere beslegting indien nodig.

Volgens die pleitstukke, soos aangevul deur die mondelinge betoog van die eiser se advokaat in hierdie Hof, het die bewyslas op die eiser gerus om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat die botsing deur die nalatigheid van Hollmann veroorsaak is deurdat hy versuim het om 'n behoorlike uitkyk te hou toe hy die kruising genader en binnegegaan het. Die verweerder het in sy verweerskrif ontken dat Hollmann

enigsins nalatig was en het beweer dat die botsing geheel en al deur die nalatigheid van die derde party (Saunders) veroorsaak is wat die kruising teen 'n rooi verkeerslig binnegegaan het.

Dit was gemene saak by die verhoor dat, net voor die botsing, Hollmann die Datsun op sy korrekte kant van die pad in Universiteitsweg van noord na suid bestuur het met die bedoeling om deur die kruising te gaan en verder in 'n suidelike rigting te beweeg. Saunders het die Toyota in Walkerstraat van wes na oos bestuur op sy korrekte kant van die pad. Sy voorneme was waarskynlik om deur die kruising te gaan en verder in 'n oostelike rigting te beweeg. Die twee

voertuie het in die kruising met mekaar gebots min of meer op een lyn met die betrokke lane waarin hulle onmiddellik voor die kruising gery het. Dit was tydens die verhoor onbetwis dat die botsing min of meer in die middel van die kruising plaasgevind het. Die Datsun is op sy regtervoorkant deur die Toyta getref.

By die aanvang van die verhoor het die verhoorhof gedurende die dag van 3 Mei 1984 'n inspeksie ter plaatse van die ongelukstoneel gedoen. Die bevindinge is by wyse van ses punte op bladsye 70 en 71 van die oorkonde opgeteken. Hoe daar tydens daglig vasgestel kon word vanaf welke plek in Uni=versiteitsweg oos van die kruising die ligte van voertuie wat van wes na oos in Walkerstraat na die

/kruising ......

kruising gedurende die nag ry vir die eerste keer waarneembaar sou word, kom vir my as uiters vreemd en futiel voor. So iets sou hoogtens by wyse van getuienis oor toetse wat met die ligte van bewegende voertuie tydens die nag gedoen is, kon geskied ten einde enige bewyskrag te hê. Dieselfde oorweging geld na my oordeel t.o.v. die bevinding vanaf welke plek in Universiteitsweg oos van die kruising die ligte van voertuie wat van wes na oos in Walkerstraat waarneembaar sou wees deur 'n groepie struike ongeveer 3 meter hoog wat aangedui is deur 'n sirkel op Be= wysstukke "Y" en "Z". Wat die groepie struike betref, sou dit verder raadsaam gewees het om

bowendien sodanige toetse aan die begin van 'n Maart= maand te doen omdat die seisoene 'n invloed op die digtheid van die struike se blare kon hê tensy ge= tuienis die teendeel aantoon.

Die eiser het hom in 'n dilemma bevind deurdat hy as gevolg van beserings wat hy in die botsing opgedoen het aan algehele geheueverlies ly wat die gebeure van die betrokke aand betref. Hy het vir die omstandighede waaronder die botsing plaas= gevind het op die getuienis van mev Swiegelaar en Hollmann wat vir hom getuig het, gesteun. Saunders het ook vir hom getuig maar hy ly aan geheueverlies wat die plaasvind van die botsing betref. Hy kon wel onthou dat hy die eiser die betrokke aand opgelaai

/het

het om na 'n wynfees te gaan waar hy 'n bottel wyn met 'n paar vriende gedrink het. Dit is tot waar Saunders se geheue t.o.v. die betrokke aand se gebeure gestrek het. Hy was derhalwe nie in staat om oor uiters belangrike aspekte te getuig soos :

1. of sy Toyota se ligte gebrand het toe hy die die kruising genader en binnegegaan het,
2. of hy die kruising teen 'n rooi verkeerslig binne=gegaan het,
3. watter uitkyk hy gehou het vir ander voertuie wat die kruising nader of binnegegaan het,
4. teen watter spoed hy die kruising binnegegaan het.

Nadat die eiser sy saak gesluit het, het die verweerder

en die derde party (Saunders) hul sake gesluit sonder om getuienis aan te bied.

Mev Swiegelaar het die betrokke nag haar voertuig in Walkerstraat van oos na wes bestuur. Sy was alleen in haar voertuig. Sy het links van die pad en nie naby die middellyn nie gery. Toe sy min of meer by die afdraai na Koningin Wilhelminastraat was, het sy bemerk dat die verkeerslig by die kruising vir haar geel was. Sy het nie opgelet of daar verkeer agter haar was nie. Terwyl sy voortbeweeg het na die kruising teen 'n spoed van ongeveer 40 km per uur het die Toyota haar teen 'n spoed van ongeveer 70 km per uur verbygegaan. Sy het toe gesien dat die verkeerslig by die kruising

vir haar rooi was. Haar aandag was gevestig op die Toyota wat nie spoed verminder het nie. Sy het nie remme gehoor nie en ook nie remligte gesien nie. Sy het die indruk gekry dat die Toyota nie by die kruising sou stilhou om die rooi verkeerslig te gehoorsaam nie. In haar hoofgetuienis het sy beweer dat sy nie kon antwoord op die vraag of die Toyota se ligte aan was toe dit by haar verby is nie. Sy het ook getuig dat sy uit die hoek van haar oog die ligte gesien het van 'n voertuig wat van noord na suid in Universiteitsweg die kruising nader. Haar indruk was dat daar 'n botsing tussen daardie voertuig en die Toyota sou plaasvind. Sy het ook reg voor haar 'n voertuig met 'n groot karavaan bemerk wat besig was om baie stadig na die kruising te

beweeg. Die Toyota het hierdie voertuig met die karavaan verbygegaan en die kruising binnegegaan. Sy het die botsing tussen die Toyota en die Datsun min of meer in die middel van die kruising sien plaasvind. Sy het die voertuig met die karavaan verbygegaan en deur die kruising gery voordat sy stilgehou het. In haar hoofgetuienis het sy beweer dat die voertuig met die karavaan ten tyde van die botsing by die kruising stilstaande was. Sy kon egter nie sê of die voertuig met die karavaan in beweging was of reeds stilstaande was toe die Toyota dit verbygesteek het nie.

Die groot leemte in haar getuienis is die gebrek aan akkuraatheid betreffende relevante afstande

soos byvoorbeeld hoever sy van die kruising was toe die verkeerslig vir haar rooi geword het, hoever sy van die kruising was toe die Toyota by haar verby gegaan het, hoever die voertuig met die karavaan van die kruising was toe die Toyota dit verbygesteek het en hoever die voertuig met die karavaan van die kruising was toe sy dit verbygegaan het. Dit is eienaardig dat hierdie aspekte nie opgeklaar is tydens die in=speksie in loco nie.

Hollmann het getuig dat hy die betrokke nag met die passassiers in sy Datsun in Universiteitsweg van noord na suid gery het. Sy spoed was tussen 50 en 60 km per uur en dit het tot en met die botsing konstant gebly. Voor hom het 'n ander voertuig in

/dieselfde ........

dieselfde rigting gery. Dit was ongeveer 50 na 60 m voor hom. Daardie voertuig is lank voor hom deur die kruising. Toe hy ongeveer 120 m vanaf die kruising was het die verkeerslig vir hom groen geslaan. Hy het die kruising binnegegaan met 'n groenlig in sy guns. Hy het 'n breukdeel van 'n sekonde voordat die botsing plaasgevind het die Toyota gesien. Hy kon nie verklaar waarom hy die Toyota nie eerder gesien het nie. Hy het nooit sy remme voor die botsing gebruik nie. Daar was niks wat hy kon doen om die botsing te vermy nie. In kruisondervraging het hy beweer dat hy geen rede gehad het toe hy die kruising nader en binnegaan om te verwag dat 'n voertuig dit teen 'n rooi verkeerslig sou binnegaan nie. Hy kon nie onthou

dat hy voor die botsing 'n voertuig met 'n karavaan gesien het nie. Na die botsing het hy wel 'n voertuig met 'n karavaan by die kruising in Walkerstraat sien staan.

Eiser se advokaat het nooit aan Hollmann gevra of die ligte van die Toyota gebrand het nie. Eiser het ook nie gebruik gemaak van die twee passasiers van Hollmann wat wel as getuies by die verhoor beskik=baar was nie.

Wanneer die totaliteit van die getuienis oorweeg word, het die eiser na my oordeel nie daarin geslaag om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat die Toyota se ligte gebrand het toe dit die kruising

onmiddellik voor die botsing genader en binnegegaan het nie. Wat meer is, die eiser het volgens my oordeel nie daarin geslaag om op 'n oorwig van waarskyn=likhede te bewys dat Hollmann nie 'n behoorlike uitkyk gehou het toe hy die kruising genader en binnegegaan het nie d.w.s. eiser het hom nie van die bewyslas gekwyt dat die botsing deur die nalatigheid van Hollmann veroorsaak is nie.

Dit volg dat die appèl afgewys word met koste.

JOUBERT AR.

HEFER AR )
JACOBS AR ) Stem saam.